# Registrasie van Huisartse/Registration of Family Physicians

Die SAGTR het om 09h25 op 25 April 1990 belangrike besluite vir ons as huisartse geneem. Hulle het eenparig besluit om die kategorie van "Huisarts" te skep vir die registrasie van geneeshere. Ons erken graag die aandeel van Gawie Pistorius, die ad hoc-komitee en ander huisartse op die Raad, wat die saak oor die jare deurgevoer het na finaliteit.

Ons plaas hier 'n uittreksel uit die Raads besluite van die geskiedkundige dag. Oor die implikasies gaan ons nog vorentoe baie gesels. Hopelik sal ons ook gou vordering in die beroep sien, soos ons op die fondament voortbou.

Verder besluit die Raad dat:

i. artikel 18 (1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheids-beroepe, 1974 (Wet 56 van 1974), gewysig word om soos volg te lees:

   18.(1) Die registrateur moet afsonderlike registers ten opsigte van geneeshere, tandartse, interns, student-interns, studente in geneeskunde, studente in tandheelkunde, sielkundiges, intern-sielkundiges en studente in sielkunde hou, en moet in opdrag van die raad, die naam, adres, kwalifikasies, datum van eerste registrasie en die ander besonderhede (met inbegrip van, in die geval van geneeshere, tandartse en sielkundiges die naam van hul spesialiteit en/of kategorie, as daar is wat die raad bepaal, van elke persoon wie se aansoek om registrasie ingevolge artikel 17(2) toegestaan is, in die toepaslike register inskryf;

ii. voorsiening gemaak word vir die registrasie van geneeshere in die kategorie "huisarts" ("family physician") van persone wat daarvoor aansoek doen en aan die volgende vereistes voldoen:

   (a) dat sodanige geneesheer nie in enige spesialiteit geregistreer is nie;

   (b) dat hy 'n addisionele kwalifikasie wat vir dié doel deur die Raad aanvaar word, besit:

iii. vanaf 1 Januarie 1994 sal bykomende bewys aan die Raad voorgelê moet word dat sodanige geneesheer 'n beroepsopleiding-program vir huisartse deur die Raad goedgekeur bevredigend voltooi het;

iv. die etiese reëls gewysig word dat slegs persone wat aldus geregistreer is toegelaat word om die bogemelde benaming te gebruik;

v. die bestaande ad hoc-komitee gemagtig word om aansoeke vir registrasie van huisartse, addisionele kwalifikasies en beroepsopleidingsprogramme te oorweeg en aan die Onderwyskomitee voor te lê.

A momentous decision was taken by the SAMDC at 09h25 on 25 April 1990. We place it as minuted by council in full in Afrikaans. In summary it was decided that:

A. To create a category of "family physician" in the register of medical practitioners for those who apply and qualify for it:

   1. they should not be registered in any specialty

   2. they should have an additional qualification approved for this purpose by Council.

B. From 1 January 1994 additional proof of vocational training in Family Practice in a programme approved by Council will be required.

C. Only persons thus registered may use the name "family physician"

D. The existing ad hoc Committee be empowered to receive applications for registration from family physicians, for additional qualifications and vocational training programmes for consideration and submission to the Education Committee of Council.